Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 13: *Sh'mot* (שמות) – Name

Hierdie is die name van die seuns van Yisra'el wat in Egipte ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya'akov gekom. Ex. 1:1 – PWL Vertaling[1]

Torah: Ex. 1:1 tot 6:1.

- **Oorsig van die boeke van Torah**
- **Inleiding:** Name, Redding en Uittog!
- **Ex. 1:1 tot 5 –** Die name van daardie volk.
- **Ex. 1:8 tot 14 –** Taakmeesters van dwangarbeid.
- **Ex. 2:11 tot 17 –** Hy het na sy broers gegaan.
- **Ex. 3:1 –** Die Goeie Herder.
- **Ex. 3:13 tot 15** – Die Afgesonderde Naam.

Haftorah: Jes. 27:6 tot 28:13 en Jes. 29:22 en 23 – En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie!

B'rit Chadashah: Luk. 5:12 tot 39; Matt. 22: 23 tot 33 en 41 tot 46. Hand. 3:12 tot 15; Hand. 5:27 tot 32; Hand. 7:17 tot 36; Hebr. 11:23 tot 26**.**

[1] Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

YHVH's Torah is perfect, sound, pure, right, clear, enlightening to the eyes, gladdening to the heart, soothing to the soul, teaching wisdom to the simple, and it is more pleasant than gold and much fine gold, and sweeter than honey and nectar, and beneficial to those who keep it and those who fulfill it get much reward.

Oorsig van die Boeke van die Torah

Ons het reeds met Parashah 1 'n bondige oorsig van die eerste vyf boeke van die Skrifte, bekend as die Torah, gegee. Dit is egter goed om aan die begin van die bestudering van Exodus ons weer hieraan te herinner.

- **Genesis (*B'reisheet*)** is die eerste van die vyf boeke van Moses en het te doen met *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van 'n huwelik en huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHVH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was. Hierdie begin is ook die uitkies van 'n volk volgens YHVH se soewereine wil om Sy plan van herstel uit te voer. Ons voorvader Abraham was gekies as daardie begin!

- **Exodus (*Shemot*)** se sentrale tema is *verlossing* (redding, bevryding). Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk red van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kan dien volgens 'n verbondsverhouding. Dit is bevestiging van redding en versoening deur geloof (vertroue) in YHVH se genade (onverdiende guns).

- **Levitikus (*Vayikra*)** is die onderrig en instruksies hoe om YHVH te dien, aanbid en hoe om as geregverdigde te lewe. Dit leer ons wat YHVH se geregtigheid behels.

- **Numeri (*B'midbar*)** is die onderrig en instruksies van 'n geloofslewe – 'n Torahgehoorsame lewe – in die 'wildernis' van hierdie wêreld. Israel in die wildernis is 'n afbeelding van ons eie lewe waar ons daagliks 'n keuse moet maak tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan Vader-God se voorskrifte en onderrig.

- **Deuteronomium (*D'varim*)** is die onderrig en instruksies van die geslag wat die Beloofde Land in besit sal neem. Dit is 'n herinnering aan 'n lewe van Torah-gehoorsaamheid en om nie dieselfde foute as die voorgeslagte te maak nie (1 Kor. 10:11).

Dan is dit ook so uiters belangrik om onsself voortdurend daaraan te herinner dat YHVH se Torah Sy liefdevolle onderrig en instruksies is hoe om as geregverdigde te lewe. Dit kan vergelyk word met 'n liefdevolle aardse vader wat sy kinders opvoed om voorspoedig, suksesvol en geseënd as volwassenes te lewe.

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding: Name, Redding en Uittog!

Die tweede boek van Moses word in die *Tanakh* (ou testament) *Sh'mot* genoem en beteken *Name*. Dit is so genoem na aanleiding van die eerste twee Hebreeuse woorde van hierdie boek, naamlik: *we'elleh sh'mot*, wat as *hierdie is die name* vertaal word. Die naam *Exodus* is 'n Latynse woord wat afgelei is van die Grieks *Exodos* wat *vertrek, inderhaas vertrek* of *uitgaan* beteken. Hierdie boek is in die tweede eeu voor Messias deur die vertalers van die Tanakh vanuit Hebreeus na Grieks so genoem omrede dit hoofsaaklik handel oor Israel se bevryding van die Egiptiese

slawejuk, hulle uittog uit Egipte en die begin van Israel wat onder die Koningskap van YHVH funksioneer.

Op grond van die naam Exodus vind ons een van die sleuteltekse van *Sh'mot* in Ex. 14:30 en 31.

So het יהוה *Yisra'el dan dié dag* ***uit die hand van die Egiptenare gered*** *en Yisra'el het die Egiptenare dood gesien aan die kant van die see. Yisra'el het die groot Hand gesien wat* יהוה *teen die Egiptenare gebring het en die volk het* יהוה *respekvol gevrees en vertrou in* יהוה *en in Moshe, Sy dienskneg.* (PWL Vertaling)

Exodus (*Sh'mot*) se sentrale tema is dus die *verlossing* (redding, bevryding) van Israel. Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk red van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kan dien volgens 'n verbondsverhouding (verbond met Abraham en die verbond van die Torah) en sodat Hy vir hulle 'n God en Koning kan wees.

Die betekenis van hierdie verlossing kan opgesom word in die woorde van Ex. 6:6 tot 8, naamlik:

Daarom, sê aan die kinders van Yisra'el: 'Ek is יהוה *en Ek sal julle onder die las van die Egiptenare uitbring* ***en julle red uit hulle slawerny****. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele. Ek sal julle vir Myself as volk vat en julle God wees en julle sal weet dat Ek* יהוה*, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Egiptenare en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is* יהוה*."* (PWL Vertaling)

Exodus leer ons dat hierdie verlossing (redding) geskoei is op die beginsel van die sterwe van die onskuldige in die plek van die skuldige soos uitgebeeld word deur die pesaglam (paaslam) wat geslag was. Hierdie redding is ook alleenlik deur geloof, naamlik vertroue wat gepaste handeling vereis! Alleen diegene wat in geloof die lam geslag het, en die bloed van die lam aan die deurkosyne gesmeer het, is bevry (gered) (Ex. 12:1 tot 11). Hierdie was 'n heenwysing na Yeshua Messias – YHVH se Pesaglam! Soos Abraham deur geloof gered was, so was Israel ook deur geloof gered. Redding is alleenlik deur geloof en nie deur verdienste nie!

Die doel van die bevryding van die slawejuk was om Israel uiteindelik te neem na die Beloofde Land waar hulle YHVH kon dien volgens die verbond met Abraham, Isak en Jakob en volgens die verbond van die Torah soos by Sinai gesluit is.

Dan moet jy vir Farao sê: 'So sê יהוה*: Yisra'el is My seun, My eersgeborene en Ek sê vir jou: Laat my seun gaan,* ***dat hy My kan dien*** *en as jy weier om hom te laat gaan, let op, Ek sal jou seun doodmaak, jou eersgeborene'."* Ex. 4:22 en 23 – PWL Vertaling.

Daarom, ***as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom****, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die kinders van Yisra'el moet sê."* Ex. 19:5 en 6 – PWL Vertaling.

Met die bestudering van *Sh'mot* moet ons die profesie aan Abraham in Gen. 12:3 en Gen. 15:13 (PWL Vertaling) nie vergeet nie.

...en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word."

יהוה sê vir Avram: "Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank, maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings.

In Exodus (*Sh'mot*) sien ons ook die volgende stap in YHVH se plan van die herstel van alles, en spesifiek van die verhouding tussen YHVH en die mens, tot soos wat dit was voor die sondeval. Hoewel hierdie plan van herstel met een persoon, naamlik Abraham begin het, was die bedoeling om alle nasies daarby in te sluit volgens die belofte *in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word* (Gen. 12:3; 18:18; 22:18 en 26:4). Eerstens moes YHVH vir Hom 'n volk versamel deur wie Hy al die geslagte van die aarde kan seën. Hierdie volk het begin met Abraham en sy nageslag, Isak en Jakob, wat uiteindelik in Egipte opgeëindig het – sewentig siele in totaal (Ex. 1:1 tot 5). Maar *die kinders van Yisra'el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en die land was vol van hulle* (Ex. 1:7). Israel was meer en magtiger as die Egiptenare (Ex. 1:9) en daarom het Farao hulle gevrees!!

Opsommend:

- Ten einde die mens in die regte verhouding met Sy Skepper te bring, het YHVH bepaal dat die nageslag van Abraham eerstens tot Sy uitverkore volk gevorm sal word deur geloof en gehoorsaamheid. Exodus is die geskiedenis van hoe YHVH die nageslag van Abraham onder die leierskap van Moses geneem het van 'n mismoedige en onderdrukte volk tot 'n volk met 'n nasionale identiteitdit en met die onderrig en instruksies van hoe om te lewe as 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie (Ex. 19:5 en 6). Die vestiging van Israel as 'n volk, en YHVH se voorskrifte en onderrig (Torah), is die bloudruk van die ewige Koninkryk oor wie Yeshua Messias sal regeer.

- Die Skrifte, van Genesis tot Openbaring, is die uiteensetting van YHVH se plan om 'n Koninkryk deur Yeshua hier op aarde te vestig wat bestaan uit 'n teruggekoopte (verlosde) volk (priesterdom) wat 'n oorvloedige lewe deelagtig sal wees en vir ewig saam met Yeshua sal regeer. Exodus vertel van die eerste fase van die vestiging van YHVH se Koninkryk – van 'n verlosde volk wat volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah) leef. Hierdie is die bloudruk van hoe dit moet wees en hoe dit uiteindelik sal wees. Daarom is Exodus propvol afbeeldings (ooreenkomste) van hoe dit in die einde van dae sal wees. Onthou: Die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10)!!

- Exodus is die bloudruk dat ons alleenlik deur geloof (vertroue) gered word (die geslagde lam) en dat Torah-gehoorsaamheid die verlossing van ons siel (wil, denke, emosie) is, naamlik die einddoel (resultaat) van ons geloof (1 Pet 1:6 tot 9 – *salvation of your souls*). Verlossing van die siel beteken die sterwe van die eie-ek om dan vry te wees om die wil van YHVH te doen en sodoende oorvloedig geseën te word[2].

[2] Jy word wedergebore as `n geestelike baba. Die vernuwing van jou gemoed geskied deur 'n Torah-gehoorsame leefwyse wat jou gedagtes, woorde en dade in ooreenstemming met die van Vader-God bring. Dit is `n groeiproses tot geestelike volwassenheid. Jy moet gelykvormig (in denke, woorde endade) aan Yeshua Messias word (**Rom. 8:29**). Dit is `n proses van afsondering (heiligmaking)(1 Pet. 1;15 en 16) tot volmaaktheid (Matt. 5:48). Jy is `n nuwe mens met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in jou verlede wees wat jou verhinder om geestelike volwassenheid te bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua te leef. Dit is van hierdie ou dinge, wat nie met Torah ooreenstem, waarvan jy vry moet kom. Torah-gehoorsaamheid leer jou en help jou om vry in Yeshua te wees!

- Egipte is die begin van die skeidingsproses (die-kom-uit-haar-uit-my-volk-proses; Open. 18:4). YHVH Skepper-God het Sy volk uit die midde van ‘n ander volk uitgehaal en hulle afgesonder (geheilig). Sien die ooreenkoms met ons vandag!! Deur geloof (vertroue) in Yeshua as die Messias (Pesaglam) word ons bevry van die slawejuk van sonde om YHVH in die ‘wildernis’ van die lewe te dien tot ons die ‘Beloofde Land’ (Wederkoms, Millennium) kan binnegaan!

Benaderde Tydlyn

Van Josef se dood tot met die voltooiing van die tabernakel is volgens sommige bronne die tydperk vanaf 1805 tot 1445 voor Messias (vM).

1805 vM*	1526 vM	1486 vM	1446 vM	1446 vM	1445 vM
Josef sterf	Moses gebore	Moses vlug uit Egipte	Roeping van Moses	Uittog uit Egipte	Tien Gebooie en bou van Tabernakel

*Abraham is in die jaar 1948 voor Messias gebore.

Beeldspraak in Exodus

Wanneer ons die boek van Exodus bestudeer, moet ons verstaan dat dit propvol beeldspraak is. Dit, tesame met die wete dat die einde deur die begin bekend gemaak word, help ons om YHVH se verlossingsplan en Sy plan om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig beter te verstaan, asook ons elkeen se rol in die verband.

- Egipte is beeldspraak vir die wêreld, die plek van sonde en waar ons as ‘slawe’ van die sonde gevange gehou word tot ons deur geloof in Yeshua as die Lam van God en deur die bloed van die Lam verlos (bevry) word.

- Farao is beeldspraak vir Satan, die ‘opsigter’ van dwangarbeid wat YHVH se volk in alle opsigte teenstaan en wil vernietig.

- Farao se towenaars is beeldspraak vir demoniese geeste, wat met Satan meewerk.

- Moses is die profetiese beeldspraak van Yeshua se eerste koms – die Verlosser van YHVH se volk van die slawerny van sonde en van die mag van die vyand (Satan).

- Die bloed van die lam aan die deurkosyne is die beeldspraak vir die kosbare bloed van Yeshua aan die folterpaal.

- Moses se staf is beeldspraak vir die kruis (folterpaal) van Yeshua – die bewys van YHVH se genade van vergifnis in Yeshua en van ‘n nuwe lewe van krag en gesag.

- Die deurtog deur die Rooisee is beeldspraak vir die eenwording met Yeshua in Sy dood en opstanding soos uitgebeeld word deur onderdompeling (*tevilah*) in ‘n *mikvah* (water geskik vir onderdompeling en simboliese afwassing van sonde).

- ❖ Die wolkolom is ‘n sinnebeeld van die Afgesonderde Gees wat ons dag en nag bedek.
- ❖ Die tog in die wildernis is beeldspraak vir die versoekinge en beproewinge van ons geloofslewe en van ons vertroue in YHVH se voorsieninge en beskerming.
- ❖ Die gee van die Torah (die wet) is beeldspraak vir gehoorsaamheid en onderdanigheid as verbondskinders aan YHVH Yeshua ons Meester – die Lewende Torah..
- ❖ Die tabernakel is beeldspraak van YHVH se verlossingsplan, asook hoe om YHVH te dien en hoe om tot geestelike volwassenheid in Yeshua te groei.

Bondige Oorsig van Exodus

- ➢ **Hoofstukke 1 tot 6:** Israel se behoefte vir verlossing (redding; bevryding). YHVH die getroue Verbondsgod.
- ➢ **Hoofstukke 7 tot 11:** Die mag en gesag van die Verlosser soos deur die tien plae gedemonstreer word, asook YHVH se genade.
- ➢ **Hoofstukke 12 tot 18:** Die aard (wyse) van verlossing – YHVH se genade voorsiening van geloof (vertroue) in die geslagde lam en in die bloed van die lam.
- ➢ **Hoofstukke 19 tot 24:** Die verbond by Sinai en die onderrig en instruksies in geregtigheid.
- ➢ **Hoofstukke 25 tot 40:** Die tabernakel en die onderrig in dienswerk, aanbidding en ‘n lewe van versoening met YHVH.

Bepeins of Bespreek

1. Hoe is die beeldspraak wat in *Sh’mot* (Exodus) gebruik word op jou lewe van toepassing? Byvoorbeeld: Het YHVH Yeshua jou van jou ‘Egipte’ en van jou ‘Farao’s’ bevry? Loop jy in oorwinning in die wildernis van die lewe? Is Moses se staf jou herinnering aan YHVH se genade voorsiening? Het jy deur die Rooisee getrek? Is jy dag en nag ‘toegemaak’ onder die wolkkolom?

2. *The great thing in this world is not so much where we are, but in what direction we are moving* – Oliver Wndell Holmes. *Torah is for direction, correction and protection*.

Ex. 1:1 tot 5 – Die Name van daardie volk

Hierdie is die name van die seuns van Yisra’el wat in Egipte ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya’akov gekom. Ex. 1:1 – PWL Vertaling

In Ex. 1:1 tot 5 word die name van die seuns van Jakob genoem, naamlik Ruben, Símeon, Levi, Juda, Issaskar, Sébulon, Benjamin, Dan, Náftali, Gad en Aser. Saam met Jakob, en Josef wat reeds in Egipte was, asook die vroue en kinders, was hulle altesaam 70 siele. Indien Gen. 46:26 (66 siele sonder die vroue van Jakob se seuns) met Ex. 1:5 (70 siele) en met Hand. 7:14 (75 siele) vergelyk word, sien ons wat teenstrydighede blyk te wees. Daar bestaan egter verskillende verklarings hoe hierdie drie Skrifverwysings wel met mekaar versoen kan word.

Die uiteindelike twaalf stamme van Israel het bestaan uit: Ruben, Símeon, Juda, Issaskar, Sébulon, Benjamin, Dan, Náftali, Gad en Aser en die twee seuns van Josef (Efraim en Manasse). Die stam van Levi is as priesterdom tot Israel aangestel.

Waarskynlik van meer belang is wanneer Ex. 1:2 tot 5 met Open. 7:4 tot 8 vergelyk word. In Openbaring word die name van die twaalf stamme soos volg gelys: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon, Benjamin, Naftali, Gad, Aser, Manasse en Josef (Efraim) – die stam van Dan is weggelaat, waarskynlik weens hulle volgehoue afgodery (Rigters 18:30 en 31 – egter groot meningsverskil hieroor) en Levi is weer as stam toegevoeg.

Die belangrikste is egter om te verstaan dat die 12 stamme deel vorm van die basis van YHVH se regeringstruktuur. Die 'kerk' het nie die 12 stamme vervang nie! Daarom lees ons in Openbaring van die twaalf stamme en die twaalf poorte van die nuwe Jerusalem wat na die twaalf stamme vernoem is, asook die muur van die stad wat op twaalf fondamente met die name van die twaalf apostels gebou is (Ope. 21:12 tot 14). Elke gelowige sal by een van die poorte ingaan. Let wel, daar is nie 'n poort vir die 'kerk' of die Christendom nie!

Die getal 12 verteenwoordig regeringsvolmaaktheid (*governmental perfection*). Daarom het Salomo 12 goewerneurs (bestuurders) oor sy koninkryk aangestel (1 Kon. 4:7). Yeshua het 12 apostels aangestel om die grondslag te lê van Sy Koninkryk op aarde. Aan hulle het Yeshua gesê: *Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel* (Matt. 19:28).

Daar is die 12 tekens van die diereriem ('zodiac') met hulle 36 sterrebeelde. Verwys Job 38:32 (*mazzarah*). Die sterre tekens is seisoenaal en is saam met die son en maan as tekens gegee om die mens se lewe te help rig – die sterre by wyse van astronomie en **nie** by wyse van astrologie (sterrewiggelary) nie! Daar is twaalf maande in die jaar! Die natuurwette is volmaak en betroubaar! Dit is YHVH se manier om by wyse van die natuur te 'regeer' en om te dien as tekens sowel as vir vaste tye (afsprake, bestemde tye), asook vir dae sowel as jare (Gen. 1:14)!

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die betekenis van die getal 70? In Genesis 10 is die nageslag van Sem, Gam en Jafet wat die aarde na die vloed herbevolk het 70 siele. Verwys ook Ex. 24:1 en 9; Num. 11:16; Matt. 18:22 en Luk. 10:1. Volgens Rabbynse lering word die nasies van die wêreld deur die getal 70 verteenwoordig. Verder leer hulle dat met die verwarring by die toring van Babel het daar 70 tale ontstaan en ook dat YHVH die Torah in 70 tale by Sinai gegee het, sodat al die nasies van die die wêreld dit kan verstaan. Die sestiende letter van die Hebreeuse *alephbet* is die letter *ayin* wat 'n piktogram van 'n oog is en waarvan die gammatria 70 is. Die oog is om mee te sien, maar die betekenis van *ayin* is ook *om te verstaan* en *om gehoor te gee aan* (*gehoorsaam te wees*). Verwys Jer. 5:21; Jes. 6:10; Matt 13:14 en 15.

2. Is jou naam onder die name van een van die twaalf stamme van Israel? Kan ons vooraf weet by watter stam ons ingedeel is? Hoeveel takke het die olyfboom waarop ons ingeënt word (Verwysend na Romeine hoostuk 11)? Is daar twaalf takke, een vir elke stam van Israel, of is daar meer as twaalf takke?

Ex. 1:8 tot 14 – Taakmeesters van dwangarbeid

Daarom het hulle taakmeesters oor hulle aangestel om hulle te onderdruk met harde arbeid en hulle het die voorraadstede Pitom en Ra'amses vir Farao gebou. (Ex. 1:11 – PWL Vertaling)

Israel was 'slawe' van die regering en nie van gesinne nie. Dit kan vergelyk word om in die diens van Egipte te wees en as 'werknemer' 'n taakmeester van dwangarbeid oor jou aangestel te hê. Maar, dit was nie net Israel se getalle wat Farao vreesbevange gelaat het nie, maar ook Israel se kundigheid was 'n bedreiging. Deur al die eeue is Israel deur groot kundigheid gekenmerk en dit is steeds vandag die geval. YHVH het nog altyd sy uitverkore volk geseën met kundigheid en vindingrykheid!

Streng gesproke is ons steeds grootliks slawe van 'Egipte', want ons is vasgevang in die wêreldsisteem van politiek, ekonomie en godsdiens. Maar, te midde van dit kan ons deur Torah-gehoorsaamheid lewe in oorvloed hê (Deut. 28:1 tot 14; Joh. 10:10b).

Bepeins of Bespreek

1. In Gen. 47:27 lees ons: *So het Israel dan in Egipteland gewoon, in die land Gosen; en hulle het vaste besittings daarin verwerf en vrugbaar geword en sterk vermeerder.* Israel se *vaste besittings* kon 'n seën of vloek vir hulle gewees het. Volgens oorlewering het Israel geleidelik die 'slawe' van Egipte geword omrede hulle skuld gemaak het ten einde rykdom te verwerf. Is dit nie ook 'n hedendaagse probleem nie? Is die begeerte na rykdom, gerief en plesier nie ook die oorsaak dat mense onder 'taakmeesters van dwangarbeid' gebukkend gaan nie? Het dwangarbeid nie uiteindelik vir Israel verarm nie? Het geloof en gehoorsaamheid nie uiteindelik hulle weer 'ryk' gemaak nie – verwys Ex. 12:36? Is daar 'n ooreenkoms met die leerstelling van voorspoed wat hedendaags so gewild is?

2. Jakob het 17 jaar lank vir Josef versorg (Gen. 37:2) en Jakob het vir 17 jaar in Egipte geleef waar hy deur Josef versorg was voor hy op die ouderdom van 147 gesterwe het (Gen. 47:28). YHVH het vir Jakob op sy ou dag voorsien. Is dit nie bewys dat wanneer ons getrou is aan YHVH sal Hy getrou wees aan ons? Wat behels getrouheid aan YHVH? Gehoorsaamheid aan Torah of net geloof?

Ex. 2:11 tot 17 – Hy het na sy broers gegaan

Dit het gebeur in dié dae toe Moshe al opgegroei het, dat hy na sy broers uitgegaan en hulle laste gesien het. Ex. 2:11

Vergelyk Hand. 7:17 tot 29, veral vers 22 en 23. Hoekom was Moses aangetrokke tot sy eie landgenote? Hy het sy identieit gaan soek! Moses kon kies om net 'n "toeskouer" in Egipte te gewees het. Maar hy het gekies om nie een te wees nie, want hy was bereid om op te staan vir wat reg is (vir die waarheid) al moes hy die prys betaal. Is hierdie hoedanigheid van Moses nie dalk een van die redes hoekom YHVH hom gekies het om Israel uit Egipte te lei nie – 'n daad wat menslik gesproke onmoontlik is? Het ons die bereidwilligheid van 'n Moses?

Ons leef in die profetiese einde van dae. Ons Vader vereis van ons om nie net toeskouers te wees nie!!! Ons moet minstens wagters op die muur wees (Eseg. 3:16 tot 27, veral verse 17 tot 21). Die gevaar is dat wanneer dit met ons goed gaan (gees, siel en liggaam) dat ons dan glo ons is op die regte plek (geestelik en fisies), want ons word geseën. MAAR ons kan dalk Vader se doel vir ons mis!! Dit is wat met Israel in Egipte gebeur het – hulle het die belofte van die Beloofde Land vergeet. Hulle het vergeet dat hulle einddoel nie Egipte was nie!

In alle waarskynlikheid het Moses meer soos ‘n Egiptenaar as ‘n Hebreër (Israeliet) gelyk en opgetree. Hoekom sou die Israeliete hom glo? Moses moes self eers uit Egipte kom voor hy Israel uit Egipte kon lei. Daarom het hy 40 jaar in die woestyn deurgebring as skaapherder – verwysend na die 40 jaar wat hy herder van Israel moes wees. Onsself moet eers uit ‘Egipte’ kom voor ons ons broers/susters uit ‘Egipte’ (die kerk) kan lei.

Toegewyde Jode glo nie Christene (die kerk) nie, want hulle lyk te veel soos ‘Egiptenare’. Wanneer ons Torah begin leef begin ons egter soos Jode (Hebreërs; Israel) lyk en optree. Onthou: ons identiteit is ons Hebreeuse verbintenis.

Terwyl ons in ‘Egipte’ (die kerk) is, lyk en voel alles reg. Onthou: Die eerste opdrag van God aan die eerste Hebreër was : Gaan jy .....!!! (Gen. 12:1). Hierdie opdrag bly vandag steeds dieselfde, naamlik: *Gaan jy....!!*

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer laas het jy en ek iets vir die Koninkryk in opdrag van Vader aangepak wat menslik onmoontlik lyk? Ons elkeen het die keuse om ons skouers op te trek en binne ons gemaksone te bly, of om die opdrag van Vader-God: Gaan Jy.... gehoorsaam te wees!!

2. Is dit nie nou die tyd om na ons broers en susters (in die kerk) te gaan en hulle te bevry van die slawejuk van dwaling nie? Sien ons ook die las waaronder hulle gebukkend gaan?

3. Lees Ps. 90:9 tot 12:

   *Want al ons dae gaan verby deur u grimmigheid, ons bring ons jare deur soos ‘n gedagte. Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen. Wie ken die sterkte van u toorn en u grimmigheid, ooreenkomstig die vrees wat aan U verskuldig is? **Leer ons om ons dae so te tel dat ons ‘n wyse hart mag bekom**!*

   ‘n Leeftyd van 70 jaar is sowat 26 000 dae en 80 jaar sowat 30 000 dae. Die mens se aantal dae op aarde is dus beperk tot sowat 26 000 tot 30 000 dae. Sommige lewe korter en ander langer. Die vraag is egter wat doen ons elkeen met elke dag wat ons lewe. Lees die gelykenis van die ponde in Luk. 19:11 tot 27 en vervang die ponde met dae. Vra dan hierdie vraag: Wat doen ek met die dae wat ek na my wedergeboorte ontvang het? Gaan elke dag ‘n tienvoudige of vyfvoudige opbrengs vir die Koninkryk lewer of gaan ek elke dag ‘wegsteek’ en my eie gang gaan? Wat het gebeur met die een wat sy pond begrawe het? Was sy lot nie deel van diegene wat nie onder die gesag van die koning wou buig nie (Luk.19:14 en 27)?

4. Die gelykenis van die ponde leer dat indien ons nie die genadegawe van redding tot so ‘n mate waardeer om die res van ons lewe YHVH Yeshua in gehoorsaamheid te dien en ‘n wesenlike bydrae te lewer tot die vestiging (uitbreiding) van Sy Koninkryk nie, dan gaan ons ook soos die in Luk. 19:27 veroordeel word, naamlik: *Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood.*

5. Redding is YHVH se onverdiende guns wat ons alleenlik deur geloof in Yeshua as eenmalige sondoffer ontvang. Maar selfs ons geloof is ‘n genadegawe van God (Efes. 2:8 en 9). Ons het dus niks om op te roem nie, want ons verdien nie ons redding nie. Maar tog, hoewel ons redding ‘n genadegeskenk van YHVH is, sal elkeen se loon volgens sy werke wees:

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Open. 22:12.

Ex. 3:1 – Die Goeie Herder

Moshe het sy skoonvader Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, se kleinvee opgepas (PWL Vertaling)

Nadat Moses uit Egipte gevlug het, het hy die sakpe (kleinvee) van sy skoonpa Yitro opgepas. Sy jare as skaapherder het hom voorberei vir die taak om as 'herder' vir YHVH se volk op te tree.

In die Skrifte word Israel deurgaans vergelyk met 'n skaapkudde van YHVH. Israel se leiers het altyd as die herder van die kudde opgetree. Al Israel se grootste leiers was skaapherders! Abraham, Isak en Jakob het almal kuddes van kleinvee gehad. Jakob het as herder vir Laban gewerk. Moses het Yitro se veekuddes opgepas. Dawid was herder van sy pa se kuddes gewees. Dit is daarom te verstane dat Yeshua na Homself as die Goeie Herder verwys (Joh. 10:11).

Moses is 'n sinnebeeld van Yeshua die Goeie Herder. Soos Moses die hele Israel, asook die wat by Israel aangesluit het, uit Egipte gelei het, so het Yeshua gekom om die hele Israel, naamlik albei huise, en die vreemdelinge wat by Israel aangesluit het, van die slawejuk van sonde te bevry. Yeshua Messias het gekom vir die verlore skape! Hy het gekom dat die belofte aan Abraham dat in hom sal al die geslagte van die aarde geseën word, vervul kan word.

"Watter man onder julle wat honderd skape het en een van hulle raak weg, laat nie die nege en negentig in die wildernis staan en gaan soek die een wat weg is totdat hy dit kry nie? Wanneer hy dit kry, sit hy dit met vreugde op sy skouers en wanneer hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat weg was.' Luk. 15:4 tot 6.

Met die gelykenis van die goeie herder in Joh. 10:1 tot 16 bevestig Yeshua dat hy die Goeie Herder van die hele Israel is. Hy is die deur na die skaapstal (Joh. 10:9) en Hy is die Goeie Herder wat Sy lewe vir die skape aflê (Joh. 10:11). In Joh. 10:16 bevestig Yeshua dat Hy ook gekom het vir die skape van 'n ander stal om ook hulle herder te wees sodat daar een kudde en een Herder sal wees.

maar Ek het nog ander skape wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook bring. Hulle sal ook na My stem luister en die ganse kudde sal een wees met een Herder. Gen 12:3; 18:14; 26:4; Yes 11:10; 54:1-3; `Am 9:11

Let op dat Yeshua verwys na een kudde en een Herder – daar sal nie twee kuddes met dieselfde Herder wees nie! Let ook daarop dat dit die ander kudde (die vreemdelinge) is wat by die bestaande kudde aansluit. In hierdie gelykenis is dit Yeshua wat die vreemdelinge lei om deel te word van die kudde van Israel – die Goeie Herder bring die verlore skaap terug na die kudde! Hierdie is die patroon wat reeds in Exodus gevestig word, naamlik dat dit die vreemdeling is wat by Israel aansluit. Daarom lees ons in Ex. 12:37 en 38 die volgende:

Die kinders van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders. ***'n Gemengde menigte van mense*** *het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermatig baie lewende hawe* (PWL Vertaling).

Israel en ons (nie-Jode) was almal soos dwalende skape, maar nou deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias het ons almal teruggekeer na die Herder en Opsiener van ons siele (1 Pet. 2:25). Die Herder en Opsiener van ons siele het ons so liefgehad dat Hy die 99 ander 'skape' gelaat het om elkeen van ons op sy skouers op te tel en terug te neem na Sy kudde!

Bepeins of Bespreek

1. Die Hebreeus vir herder is *ra'ah* [רעה – *resh* (kop van 'n mens), *ayin* (oog, te sien, te waak), *hey* (openbaarmaak]. 'n Herder is dus iemand wat waak hou met die doel om openbaar te maak! Die woord herder (*ra'ah*) word dikwels ook vertaal as *kos te gee, te laat wei* en om *te voed*. Byvoorbeeld: Jes. 40:11 – *Hy sal sy kudde laat wei* (*ra'ah*) *soos 'n herder* (*ra'ah*). Verwys ook 2 Sam. 5:2: *jy moet My volk Israel oppas* (*ra'ah*) [Die woord *et* (*aleph, tav*) kom ook hier in die Hebreeus voor]. 'n Herder se taak is dus om te versorg en te beskerm. Hiervolgens is dit duidelik hoekom daar so dikwels in die Skrifte na die leiers van Israel as herders verwys word, asook hoekom hedendaagse geestelike leiers as herders beskou word.

2. Voldoen hedendaagse herders egter aan die vereistes van 'n goeie herder? Lees die profesie in Esegiël hoofstuk 34 aangaande die herders. Is hierdie profesie op sommige bekende hedendaagse herders van toepassing? Indien wel, in watter verband? Voorbeeld: Eseg. 34:2 tot 4 – Is daar nie hedendaagse herders wat hulself verryk deur die evangelie nie? Maar wat van 1 Kor. 9:14 en ook verwysend na Matt. 10:10 en Luk. 10:7? Mag ons handeldryf met die Woord van God (2 Kor. 2:17). Die volgende kommentaar op hierdie Skrifgedeelte gee goeie insig:

> *It is not that they should grow rich, or lay up treasures, or speculate in it, or become merchants, farmers, teachers, or bookmakers for a living; but it is that they should have such a maintenance as to constitute a livelihood. They should be made comfortable; not rich. They should receive so much as to keep their minds from being harassed with cares, and their families from want not so much as to lead them to forget their dependence on God, or on the people. Probably the true rule is, that they should be able to live as the mass of the people among whom they labour and live; that they should be able to receive and entertain the poor, and be willing to do it; and so that the rich also may not despise them, or turn away from their dwelling.* [Albert Barnes – Notes on the Bible]

Ex. 3:13 tot 15 – Die Afgesonderde Naam

God sê vir Moshe: "EK IS WIE EK IS." Ook sê Hy: "So moet jy die kinders van Yisra'el antwoord: יהוה *(EK IS) het my na julle toe gestuur."* (Ex. 3:14 – PWL Vertaling).

Die vraag wat die meerderheid Christene nie kan antwoord nie, vind ons in Spr. 30:4, naamlik:

Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? ***Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet?***

Die volgende is 'n aanhaling uit die boek *God van die Vebond* deur Gerrie Coetzee[3]:

[3] *God van die Verbond* kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Om die God van die Verbond te leer ken, kan ons kyk hoe Hy Homself openbaar deur Sy Naam, wat Sy Karakter en Outoriteit verklaar. Sy Naam is: יהוה*- (YHWH –* ***YAHUAH) in Hebreeus*** *en word meer as 7000 keer in die Bybel gebruik. Meer as 6200 keer in die Tanakh.*

Baie beweer dat niemand meer die regte uitspraak van die Naam van die Vader, ***YAHUAH****, ken nie en dat dit verlore gegaan het. Dit is nie waar nie. Elkeen wat Hebreeus kan lees ken dit, maar sal dit nooit uitspreek nie en vervang die naam met ander woorde soos Elohim (God), Adonai (Meester), Ha Shem (Die Naam), of G_D. Sy persoonlike Naam kan egter nooit vervang word met vae verwysings nie. Hy is die enigste God - met die Naam,* יהוה.

Ken, verstaan en vertrou jy dié Naam?

Spr 30:4b *"Wie het al die grense van die aarde vasgestel? Wat is Sy Naam en wat is die Naam van Sy Seun, as jy weet?"*

*Farao het gesê hy ken Hom nie (**Eks 5:2**) en sal daarom ook nie gehoor gee aan wat Hy sê nie. Dit is my vermoede dat die meeste mense Hom nie ken nie en dus nie sal luister na wat Hy sê nie. Selfs "Christene" se ongehoorsaamheid spruit uit hulle onkunde van die enigste Ware, Lewende God,* יהוה *en Sy Karakter. Hy belowe dat ons Hom persoonlik kan KEN **(Mat 11:27; Yog 14:7; 1 Yog 5:20)** - daardie woord beteken eintlik, dat ons met Hom 'n **verbondsverhouding** kan hê!! Dit is belangrik, want Hy wys hulle wat Hy nie geKEN het nie, weg van die deur van die Koninkryk, **Mat 25:12; Luk 13:25**. Die wêreld sal die kinders van God vervolg, omdat hulle Hom nie KEN nie – **Yog 16:3.** Ek dink dit is onnodig om te sê: Dit is van **ewige lewensbelang** om Hom te KEN - 'n verbondsverhouding met Hom te hê. Dit is wat ware redding beteken!!*

Die Karakter en Outoriteit van YHVH is in Sy Naam verskuil. Hierdie is ‘n geheimenis waarvan ons as te ware nog net die oortjies van die seekoei sien. In Ex. 3:14 kry ons wel ‘n aanduiding daarvan. In Hebreeus is die woorde EK IS WAT EK IS: *Eheyeh* (היה) *Asher Eheyeh* wat ondermeer die volgende gedagtes bevat:

- *Ek is / Ek sal wees wat Ek is / wat Ek sal wees*.

- Dit bevat ook die gedagte van *Ek sal red op die wyse wat ek sal* (*wil*) *red*. Dit word bevestig in die Hebreeuse letters van Sy Naam: *yod, hey, vav, hey* (יהוה – YHVH; bekend as die Tetragram), naamlik *yod* (hand), *hey* (openbaar, venster, red), *vav* (spyker, hak), *hey* (genade). Ons sien dus die prentjie van die deurboorde hand wat red (verlos) deur genade.

- Wat dit ook beteken is dat ons YHVH slegs met Homself kan vergelyk en met niks anders of met geen ander god nie. Ons kan YHVH met niks anders wat ons ooit gesien het, of gedink het, vergelyk nie. Verwys Jes. 40:18.

YHVH is Vader-God se gedenknaam van geslag tot geslag (Ex. 3:15). Hierdie Naam is soos ‘n gedenkteken wat alles omvat wat die Karakter, Hoedanighede en Outoriteit van YHVH verteenwoordig.

Yeshua is die brug (toegang, deur, die weg) tot die Karakter en Outoriteit en Hoedanighede van hierdie Naam (die wese van YHVH). Verwys Joh. 1:10 tot 18. Daarom is dit belangrik om

Yeshua ook te ken as die God van die ou verbond en nie net as Yeshua van die hernieude verbond nie.

Die Naam YHVH word meer as 20 keer vir Yeshua in die Aramese vertaling van die hernieude verbond gebruik. Voorbeeld is Luk. 2:11 wat in die Aramese Hernieude Verbond (die oorspronklike taal waarin die 'nuwe testament' geskryf was) soos volg vertaal word: *Vandag is gebore vir jou die Verlosser, wat* יהוה *is, Die Geselfde Een, in die stad van Dawid.* Hierdie is bevestiging dat YHVH een is (*echad* – Deut. 6:4 – YHVH is ons God; YHVH is Een) en nie (saam met die Afgesonderde Gees) drie persone is nie! Telkens wanneer YHVH praat en 'n naam herhaal, soos in Ex. 3:4, is dit 'n bevestiging dat YHVH Yeshua Een is.

Bepeins of Bespreek

1. Die ewige lewe is om YHVH Yeshua te ken (Joh. 17:3). Kan ons Vader-God waarlik ken indien ons nie Sy persoonlike Naam ken nie?

2. Terwyl ons die Karakter en Outoriteit van die persoonlike Naam van ons God en Vader ontdek, moet ons altyd onthou dat dit bo ons menslike verstand is om die geheimenis verskuil in die Naam ten volle te verstaan. Die volgende aanhaling uit Gerrie Coetzee se boek, *Die God van die Verbond*, is gepas.

   יהוה *(YHWH) - YAHUAH - EK IS. Dit is die persoonlike Naam van God soos Hy Homself aan Moshe openbaar het (**Eks 3:14**) en staan bekend as die "Tetragram." Ek kan hoe probeer, maar ek kan nie die betekenis van die Naam weergee nie – alles wat gesê word kom te kort! Geen taal is ryk genoeg om dit weer te gee nie. Dit is 'n "EK IS" in 'n absolute vorm – enige iets wat ek daarby kan sit verklein of verlaag die betekenis. As ek sê Hy is wonderbaarlik, groot, afgesonderd, ens., dan beperk ek Sy Naam en die uitbeelding van Sy Karakter en Outoriteit. Nee – HY IS. Al die ander name en karaktertrekke wat ons daarby voeg is net vir ons om dit te kan verstaan, maar ek wil hê u moet begryp, niks kan die volheid van hierdie Naam omvou nie. Nou sal u verstaan dat Hy kan verwag om as afgesonderd beskou te word en die reg het om te sê dat ons ons moet afsonder van alles wat nie van Hom af is nie.*

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 27:6 tot 28:13 en Jes. 29:22 en 23 – En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie!

Hierdie Haftorah Skriflesing handel, soos hierdie week se parashah, oor die verval (ontaarding) van Israel weens hulle vereenselwiging met Egipte (die wêreld), maar ook oor die uiteindelike verlossing deur die hand van YHVH. Hierdie is 'n profetiese waarskuwing teen sinkretisme (vermenging van Torah met afgodery) en 'n oproep om uit Babilon (afgodery, selfisme, materialisme, ens.) te kom.

> *En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.* Open. 18:4

Verwys ook Jes. 48:20 en 2 Kor. 6:17 en 18.

Paulus stel dit soos volg:

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2

Dit was juis die aanklag teen Israel van ouds, naamlik dat hulle liefde vir YHVH verflou het, asook dat hulle afvallig geword het van Torah-gehoorsaamheid en sodoende toenemend gelykvormig geword het aan die wêreld. Dit is teen hierdie agtergrond dat YHVH vir die profeet Jesaja na albei huise van Israel gestuur het!

Die profeet Jesaja se bestraffing van Efraim (die Noordelike Koninkryk, Jes. 27:6 tot 28:6) en Juda (die Suidelike Koninkryk, Jes. 28:7 tot 13) was gedurende die tydperk nadat Efraim deur die Assiriërs verslaan was (±725 vM) en voor Juda in Babiloniese ballingskap weggevoer was (±586 vM).

Jesaja bestraf Efraim ondermeer vir hulle afgodery:

Daarom sal hiermee die skuld van Jakob versoen word, en dit is die volle vrug van die wegneming van sy sonde: as hy al die altaarklippe maak soos verbryselde kalkklippe, die heilige boomstamme en die sonpilare nie meer oprys nie. Jes. 27:9.

Die huis van Efraim, waaronder die Christendom getel kan word, het grootliks YHVH se Torah (die wet) verwerp en hulle eie geregtigheid opgerig. Efraim is skuldig daaraan dat hulle sekere welbekende afgodsfeeste ‘n Christenbaadjie aangetrek het. Die geskiedenis van die oorsprong van kersfees en paasfees (*Easter*) is bewys hiervan.

In Jes. 28:7 tot 9 bestraf die profeet vir die huis van Juda met die woorde:

En ook die manne hier wankel deur die wyn en waggel deur sterk drank; priester en profeet wankel deur sterk drank, hulle is verward van die wyn, hulle waggel van sterk drank, hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak. Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie. Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is?

Die betekenis van wyn in hierdie verband word duidelik in die lig van Skrifverwysings soos ondermeer Open. 14:8; Open. 17:2 en Open. 18:1 tot 3. Dit verwys na seksuele imoraliteit en geestelike hoerery!

Ná hierdie dinge het ek ‘n ander engel vanaf die hemel gesien, met groot outoriteit en die aarde is verlig deur sy lof en eer en hy het met ‘n kragtige stem uitgeroep en gesê: “Sy het geval, sy het geval, Bavel, die grote en dit het ‘n blyplek van demone en ‘n gevangenis van elke onrein en verwerplike gees geword, want sy het van die wyn van haar seksuele immoraliteit gemeng vir al die nasies en die konings van die aarde was seksueel immoreel met haar en die handelaars van die aarde het ryk geword deur die krag van haar verblinding.” Open. 18:1 tot 3 – PWL Vertaling.

Die oproep van Jesaja kan steeds gehoor word in die woorde van Yeshua aan Johannes:

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plae ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4 en 5 – PWL Vertaling.

Vandag is die huis van Juda (Rabbynse Judaïsme) daaraan skuldig dat hulle leraars van Torah wil wees, maar hulle het self afgedwaal van die waarheid soos YHVH dit aan Moses by Sinai gegee het. Yeshua het ook hierna verwys soos opgeteken is in Matt. 15:1 tot 9 toe Hy die skrifgeleerdes en die Farsieërs berispe het dat hulle die oorlewering van die tradisionele wette van oudstes van Israel onderhou, maar YHVH se Torah minag. Dit is in die lig hiervan wat ons Yeshua se woorde in Matt. 5:17 moet verstaan, naamlik dat Yeshua gekom het om YHVH se Torah te bevestig en geldig te verklaar! Yeshua het nie gekom om die Torah tot niet te verklaar nie, maar om dit te bekragtig soos YHVH dit oorspronklik aan Moses by Sinai gegee het!

Hoewel beide huise van Israel YHVH se oordeel en straf verdien, is daar die belofte van die uiteindelike herstel soos in Jes. 27:12 en 13; 28:5 en 6; 29:22 en 23 duidelik geprofeteer word.

In dié dag sal יהוה vanaf die vloeiende stroom van die Eufraat af tot by die spruit van Mitzrayim, Sy vrugte oes en júlle sal ingesamel word, een vir een, o seuns van Yisra'el! Dit sal gebeur dat in dié dag 'n groot ramshoring geblaas sal word[3] *en dan sal dié wat verlore gegaan het in die land van Ashur en dié wat versprei was oor die land van Mitzrayim, kom en יהוה aanbid op die afgesonderde berg by Yerushalayim.* Jes. 27:12 en 13 – PWL Vertaling

Die geskiedenis is die bewys dat YHVH nooit sy uitverkore volk 'blywend' sal verwerp nie. Soos Paulus tereg vra: *Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie!* (Rom. 11:2). Selfs ten tye van Israel se geestelike verval, was daar altyd die onderliggende potensiaal om op te staan en terug te keer na YHVH en Sy Torah. In beide huise van Israel is die roepstem tot bekering nooit stil nie. Vandag beleef ons die terugkeer van beide die huis van Juda en die huis van Efraim na die onvervalste woord van YHVH!

Die boodskap van Petrus op *Shavuot* (Pinksterdag) val nie op dowe ore nie!!

Toe hulle hierdie dinge hoor, is hulle verstand, wil en emosie diep getref en hulle het vir Shim'on en die ander afgevaardigdes gesê: "Wat moet ons doen, broers?" Shim'on sê vir hulle: "Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoop word in die Outoriteit en Karakter (Naam) van יהוה-Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees van Afsondering kan ontvang, want die belofte was vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat God sal roep." Hand. 2:37 tot 39 – PWL Vertaling.

Volgens Hebreeuse denke beteken bekering om terug te draai na Torah. Yeshua is die Lewende Torah! Yeshua en Torah kan nie geskei word nie!

YHVH het Yeshua gestuur om ons uit 'Egipte van sonde' tot versoening en heiligmaking 9afsondering) te lei!!

Bepeins of Bespreek

1. Wat sou Jesaja vandag aangaande die huis van Efraim (die kerk, Christendom) geprofeteer het? Is die kerk ook skuldig aan afgodery (sinkretisme)? Wat sê Vader-God is die weg van vergifnis en versoening (Jes. 27:9; Jes. 52:11; 2 Kor. 6:17 en 18; Open. 18:4)?

2. Beide die Christendom en Judaïsme het afgedwaal van YHVH se onderrig en instruksies. Die Christendom is daaraan skuldig dat hulle Torah grootliks verwerp (soos dit hulle pas), terwyl Judaïsme die gekruisigde en opgestane Yeshua verwerp en grootliks tot Torah toegevoeg het (soos dit hulle pas). Bepeins of bespreek voorbeelde waaraan beide groepe skuldig is. Verwys onderstaande artikel van Ya'acov Natan Lawrence.

3. Die probleem is die volgende: Nie alles van die Christendom of Rabbynse Judaïsme is verkeerd nie, maar nie alles van die Messiaanse Beweging is reg nie! Wat is die oplossing? Is die antwoord te vinde in Deut. 4:2 en Open. 22:18 en 19?

Nota: Wanneer daar tot YHVH se Torah toegevoeg of weggeneem word, word daar beweeg in die rigting van humanisme – mensgesentreerde denke en filosofie. Uit Skriftuurlike oogpunt kan dit ook gelykgestel word aan mensgeformuleerde geregtigheid wat YHVH se geregtigheid vervang. Die opdrag is om YHVH se geregtigheid te soek (Matt. 6:33). Beide die Christendom en Rabbynse Judaïsme is skuldig aan die oprigting van eie geregtigheid! Paulus het reeds daarna verwys in Rom. 10:1 tot 3.

Die volgende is 'n uitreksel uit Ya'acov Natan Lawrence se artikel "*Secular Humanism: The Devil's Original Lie & the Religion of the New World Order*" wat afgelaai kan word by http://www.hoshanarabbah.org/pdfs/human.pdf

Rabbinic Judaism and Humanism

Rabbinic Judaism went humanist at Yavneh after the destruction of the Temple in A.D. 70 when rabbinical authority replaced the Levitical authority. It was there, under the influences of such rabbis as Akiba, that Judaism rejected divine authority and established the rabbinical system. Some say this was necessary to insure the survival of Judaism in the wake of the destruction of the Temple and removal of Jews from Jerusalem and environs by the Romans after A.D. 135. But this reason does not explain why or how so many Jewish traditions supplanted the truth of the Bible before this time. Yeshua makes reference to this in Matthew 15:1–9. Rabbinic authority often supplanted the Word of Elohim. "*The Jewish Encyclopedia"* defines 'Rabbinical Authority' as 'The power or right of deciding the Law, in dubious cases, or of interpreting, modifying, or amplifying, and **occasionally of abrogating it**, as vested in the Rabbis as its teachers and expounders'" (*Rabbi Akiba's Messiah*, Daniel Gruber, p. 82, emphasis added). Some examples of this are as follow:

- The concept of the "Oral Torah/Law" came into being sometime in the second-century A.D. as being on a par with or greater than the Written Torah (Gruber, pp. 60, 76–77). This led to the traditions of the elders, which were eventually codified in the *Mishnah* and *Talmud*.

- YHVH is subject to rabbinic *halachic* (legal) rulings (Ibid., pp. 76-77).

- There are many rabbinic decrees and rulings that supplant biblical law. This was especially the case after the destruction of the Temple when the Jewish religious leaders practically reinvented their religion (Ibid., p. 78). Examples of this are:

  - Alternative means of atonement (the shedding of blood is no longer necessary; atonement is achieved through prayer [*tefilim*], charitable deeds [*mitzvot*] and charitable giving [*tzedakah*]) along with other activities such as study of the Torah, being circumcised and giving to the rabbis (Ibid.).

- In Matthew 23 (along with Matt 15:3–9 and Mark 7:7–13), Yeshua rebukes the Jewish leaders of his day for replacing YHVH's Torah with man-made traditions.

- The rabbis are allowed to make pronouncements from *Moses' Seat* or by *beit din* (rabbinic) ruling (called *takanot* and *ma'asim*) that totally annulled the Torah (Gruber, pp. 80–81; *The Hebrew Yeshua Versus the Greek Jesus*, Nehemiah Gordon, pp. 47–53). Later these rulings were codified into the *Talmud* (Gordon, p. 52).

- The rabbis have the right to change and control the calendar. The modern rabbinic or traditional Hebrew calendar dates to A.D. 360 (Natan Lawrence, article entitled *The Biblical Calendar and the New Moon*). For example, many times, according to the rabbinic calendar *Rosh Chodesh* (the new moon) does not fall on the actual day the new moon is sighted, and *Yom Teruah* (the Day of the Shofar Blowing), which Torah states must fall on the first day of the seventh month (i.e., the *rosh chodesh* of that month), does not actually occur on rosh chodesh.

- One month on the Jewish calendar is named after a pagan deity (*Tammuz*) when the Torah specifically states that Israelites are not to take the name of pagan deities on their lips.

- Rabbinic law allows a divorced and remarried woman to remarry her first husband, something Torah forbids (Gruber, p. 81).

- The rabbis instituted the laws of postponement, which says that YHVH's feasts cannot fall on certain days, and therefore have to be postponed.

- The rabbis teach that baking soda (sodium bicarbonate), a leavening agent, is permissible to eat during the Days of Unleavened Bread when Torah demands that we abstain from all bread containing leavening agents.

- The wearing of all white *tzitzits* (fringes) have replaced the Torah law that says they must have a blue thread.

- Torah says that Israelite lineage is determined by one's father. Modern rabbinic law says that it is determined by one's mother.

- The ineffable name doctrine, which states that using the Hebrew names of Elohim (e.g., YHVH) are prohibited, even though Scripture commands that we use them and not forget them.

- Singing and playing of musical instruments is prohibited under rabbinic law at religious services (Sabbath and appointed times), yet the Torah commands that the shofar be blown on these days, and the Psalms speak of it occurring, and the biblical record states that music and singing were a big part of the Levitical priesthood system in the Temple (*Jewish Book of Why*, Alfred J. Kolatch, p. 143).

- The shofar is never blown on the Sabbath, even when the Day of Shofar Blowing falls on a Sabbath, even though Torah commands us to do it (Kolatch, p. 228).

- The anti-missionary movement within Judaism is the outgrowth of humanist philosophy, for it attempts to destroy the deity of Yeshua and rejects the authority and divine inspiration of the Renewed Covenant Scriptures.

Christianity and Humanism

Christianity is not to be outdone by rabbinic Judaism when it comes to replacing the Word of Elohim with the traditions of men. To the degree that Christianity has rejected Torah, replacing it with men's traditions, is the degree that it is a humanistic religion. Christianity is becoming more humanistic all the time. That is why modern day "prophets" like Francis Schaeffer attempted to warn the church about the perils of secular humanism. Here are some areas where the modern church has succumbed to the influences of the philosophy of secular humanism:

- The Catholic Church makes pronouncements *ex cathedra* (from the chair of papal authority) to establish doctrines and traditions that are contrary to Scripture.

- The establishment of pagan-based Christian holidays that have replaced YHVH's biblical feasts. This is a form of interfaithism and syncretism with other pagan religions.

- Sunday replaced the Sabbath as a day of formal gatherings and worship (more syncretism with pagan religions).

- Other examples of syncretism with idolatrous pagan concepts: steeples on churches, Christmas trees, Santa Claus, Easter hams and bunnies, 40 days of Lent, Mardi Gras.

- Humanistic Christian doctrines include the concept of law versus grace, dispensational/dual covenant theology, and Old versus New Testament, which originated from the pagan (Greek) concept of dualism.

- Seeker sensitive churches; becoming like the world to win the world to Christ (adopting the world's dress and hair styles, music, entertainment, etc.).

- The positivization of the gospel message; that is, a de-emphasis on sin, judgment and repentance.

- Preaching a social gospel: sermons are often pop-psychology messages to build up one's self-esteem.

- Changes in terminologies: biblical terms give way to "politically correct," "seeker sensitive" terms: e.g., the heathens are now called "the unchurched," forgiveness replaces repentance, puppet shows/skits and dramas replace hard preaching, sin is called "wrong thoughts."

- The Word of Faith movement: health and wealth (prosperity) teaching (heavy emphasis on materialism and gratification of the lust of the flesh for enjoyment in the here and now.

- Christian (Charismatic) "divination" or "witchcraft" occurs where Christians take the legitimate gifts (especially the gift of prophecy) of the Spirit of Elohim, and a) use them to control or manipulate other people for unrighteous purposes, b) operate in counterfeit

gifts of the Spirit (either out of their psyches or souls—i.e., their mind, will and emotions, or under demonic influence) to control, manipulate or subvert others for unrighteous purposes, or c) attempt to ascertain the future through means other than direct revelation of the Spirit of Elohim, as he wills to make the future known to human vessels (1 Cor 12:11).

- ❖ Idolatry of formulas, programs and methodologies that are unbiblical (e.g., saying Sinners Prayer to be saved, the Four Spiritual Laws, give-to-get, the obtaining of Christian degrees, labels and accolades of men is the key to spiritual success and giftedness.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom en shalomgroete
Johan

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.